DBV sê...

Onthou om jou donkie, perd of muil te versorg



Jou donkies moet elke dag goeie kos en skoon water kry. Hulle moet ook elke dag genoeg tyd kry om te rus, wei en water te drink. 'n Gesonde en behoorlik versorgde dier sal goed kan werk. As die weiding swak is behoort ekstra kos soos gesnyde gras en perdeblokkies gevoer te word.

Moet nooit die donkiekar oorlaai nie. As die donkiekar vol is, behoort almal behalwe die drywer, te loop. Maak seker dat die donkies gereeld rus en dat hulle nie so vinnig loop sodat hulle begin sweet en hulle asems begin jaag nie. As dit wel gebeur, moet hulle eers kans kry om te rus. Om die donkies te slaan is wreed en 'n goeie drywer of eienaar sal dit nooit doen nie, maar die dier deur middel van sy stem aanmoedig.

Wanneer die donkiekar stilstaan, behoort die donkies uitgespan te word om hulle tyd te gee om te rus en te wei.

Borsel jou diere gereeld om steekgras, klitse en vuiligheid te verwyder. As dit onder die harnas beland kan dit beserings veroorsaak.

ONS DRUK OP HERWINBARE PAPIER – EN JY?

As jou donkies siek, moeg of in 'n swak kondisie is moet jy hulle in 'n goeie kraal laat rus. Daar moet behoorlike skuiling en kos wees. Skoon water moet die heeltyd beskikbaar wees.

As jou dier siek is vra hulp by jou Veearts, DBV of Diere Gesondheidsbeampte.

Alle diere het net soos mense spesiale aandag nodig wanneer hulle nie gesond is nie.



As jou dier in 'n swak kondisie is of beserings het, moet jy die dier laat rus totdat al die beserings gesond is. Maak seker dat die harnas gemaklik pas, heel is en in 'n goeie toestand is sodat dit die diere nie kan beseer nie.

Perde, donkies en muile werk beter as hulle goed versorg word en met respek behandel word.

Uitgereik deur die Nasionale Raad van DBVs

Posbus 1320,
Alberton 1450

Tel: (011) 907-3591
Faks: (011) 907-4013
e-pos: nspca@nspca.co.za

Gaan elke dag jou diere se hoewe na as hulle klaar gewerk het. Haal alle klippies versigtig uit die hoewe uit. As die hoewe baie droog is, kan dit een keer 'n week met olie behandel word.

As jy jou dier moet kniehalter, maak dan net die voorste twee bene vas. Gebruik sagte materiaal wat nie die vel sal stukkend skaaf nie.